# JEUG GEBEDSAAND: 7 Days on the Wall

## 1. PRAISE EN WORSHIP

## 2. PRAKTIESE REëLINGS VIR DIE AAND: Baie Belangrik!!!

- Elke groep gaan na ‘n spesifieke lokaal toe, daar werk julle deur die 4 gebedspunte met hulle demontrasies en opdragte. Ek gaan nie die goed teen die muur plak nie, wanneer jy voel dis reg, plak jy jou goed teen die muur.

- Leiers moet asb nie jaag met julle kinders nie, net dalk het die Here vanaand ‘n afspraak met een van jou kinders

- Probeer asb om jou kinders so rustig as moontlik te hou sodat die wat regtig ernstig is die geleentheid sal kry,dalk kan die kinders met hulle gesigte na die muur sit wanneer hulle bid om hulle aandag van hulle maatjies weg te kry

- Daar is ‘n klompie gebede wat die kinders kan gebruik wanneer hulle bid, as hulle wil. Dit illustreer die deel oor die Swaard van die Woord nogal mooi vir die kinders. Laat dit Heilige Gees jou lei oor hoe JY dit in JOU groep moet gebruik.

- Die Hidden Picture en Soek die verskil aktiwiteit kan julle of SAAM met die onderwerp doen, of aan die einde na julle deur alles gewerk en gebid het as daar tyd oor is. Dis nie so belangrik nie, so dis nie prioriteit nie! Vra vir die Heilige Gees hoe wil HY hê moet jy dit doen.

- ***LEIERS***: Bid asb self oor die verskillende punte voor die tyd sodat jou aandag Woensdagaand by die kinders kan wees

- Berei ASB goed voor en weet wat jy waar moet doen, as jy onseker is bel my voor die tyd dat ek vir jou kan verduidelik.

## 3. LOKALE

| | | |
|---|---|---|
| **1** | Juniors | Boilerroom / saal |
| **2** | Garage | Dewald |
| **3** | Pastorie | Juanita / Jolanda |
| **4** | Kerk – verhoog | Ronel |
| **5** | Kerk – verhoog | Tanya |
| **6** | Marius se vertrek | Bertus / Yolande |
| **7** | Kerk – vloer se oop spasie | Riaana |
| **8** | Kerk – vloer se oop spasie | Sanet |
| **9** | Kerk – vloer se oop spasie | Natasha |
| **10** | Kerk – moederskamer | Niki / Morne |

## 4. GEBED: in julle groepe

***Vrae:***
- Wat is gebed?
- Hoekom bid ons?
- Is dit belangrik om te bid? Hoekom?
- Is dit vir julle maklik om te bid? Hoekom?

In Ef 6:14-17 kry ons die Geestelike Wapenrusting, wat ons van volgende week af gaan behandel. Ef 6:17 sê dat die swaard van die Gees, die woord van God is – m.a.w ons Bybel. HOE gebruik ons die Swaard? Deur dit te BID. Wanneer ons bid, gebruik ons Bybelverse in ons gebed.

***Hoekom moet ons die Woord – Bybel bid***?

- God maak Sy wil in die Woord bekend. Wanneer ons die Woord bid, bid ons die wil van God en wanneer ons volgens die wil van God bid, sê die Woord dat ons gebede beantwoord sal word. (1 Joh 5:14-15)
- Die Woord is belangrik vir gebed, want dit is wat God self sê. Om die Woord in gebed te gebruik is om God op Sy Woord te neem. God is getrou aan Homself en Sy Woord.

# 1. BID VIR : PERSOONLIKE HERLEWING

## Instruksie 1:

❖ Gee vir elke kind 'n stukkie foil
❖ Kyk na die blink kant van die foil, DIS hoe God wil hê dat ons lewens moet lyk.
❖ Kyk nou na die dowwe kant, DIS hoe sonde ons lewens laat lyk. Is dit hoe JOU lewe op die oomblik lyk? Vaal van al die verkeerde goed in jou lewe?

## Gebed 1:

*Bid en vra vir God om jou sondes te vergewe sodat jy weer so wit soos sneeu voor Hom kan wees.*

> ***Gebed***: Here, U woord sê in ***1 Joh 1:8*** dat as ons beweer dat ons nie sonde het nie, bedrieg ons onsself en is die waarheid nie in ons nie. Here, daarom kom bely ek vanaand die volgende sondes voor U…………………………………………………………………………………………………….
> Here, dankie dat ***1 Joh 1:9*** sê dat as ons ons sondes bely – U getrou en regverdig is, dat U ons sondes vergewe en ons skoonmaak van al ons sondes. Amen

## Instruksie 2:

❖ Vrommel die foil in 'n bondel. Is dit mooi? Kan mens dit so gebruik? NEE! Dis wat onvergewensgesindheid (as ek mense nie kan vergewe vir dinge wat hulle aan my gedoen het) aan my doen. God kan my nie gebruik soos Hy wil as ek mense nie kan vergewe, en bitter is oor goed wat hulle aan my gedoen het nie.

❖ ***Matt 6:14-15***: "As julle ander mense hulle oortredings vergewe, sal julle Hemelse Vader julle ook vergewe, maar as julle ander mense nie vergewe nie, sal julle Vader julle ook nie julle oortredings vergewe nie"

## Gebed 2:

Bid en vra vir God om jou te help om hulle te vergewe en vry te spreek van dit wat hulle aan jou gedoen het.

> ***Gebed***: Here Jesus, ek kom bely vanaand dat daar dinge is wat mense aan my gedoen het waarvoor ek hulle nie kan vergewe nie. U woord leer my in ***Matt 6:14-15*** dat as ek ander mense hulle oortredings nie vergewe nie, U my oortredings ook nie vergewe nie. Here, ek het nodig dat U my sondes vergewe, en ek kan nie langer met hierdie bitterheid in my hart rondloop nie. Here Jesus, verwyder asseblief alle bitterheid en onvergewensgesindheid uit my

hart uit. Was my binneste skoon van alle vuilheid, sodat ek skoongewas kan wees van enige iets wat teen U wil is. (***Ef 4:31-32***). Amen

**Instruksie 3**:

- Maak die foil nou weer reguit
- God wil ons nie in 'n 'bondel' hê nie, Hy wil ons gebruik, maar partykeer is daar dinge waarmee ons is, wat ons nie seker is of God REGTIG daarmee OK is nie, en dit maak 'kreukels' in ons gladde stuk foil.

**Gebed 3**:

Daar is 'n spreekwoord wat sê: When in doubt – DON'T! Wanneer jy nie seker oor iets is nie, LOS dit. As jy nie seker daaroor is nie, is die antwoord – LOS dit! Dit is dan die Heilige Gees wat jou onrustig maak daaroor. Bid nou daaroor en vra vir God om jou te help om dit te los, daarmee op te hou, want dit help nie jy het nou net vergifnis vir jou sondes gevra en dan gaan jy aan met die goed waaroor jy nie seker is nie.

***Gebed***: Here, U woord sê in ***Ef 5:8*** dat ek vroeër die ene duisternis was, maar nou in die Here is ek lig. U sê ook dat ek as iemand van die lig moet leef. Uit die lig kom alles wat goed, reg en waar is, as ek dan twyfel of U tevrede is met dit waarmee ek besig is, dan kan daar niks goed, reg en waar daaruit kom nie. ***Ef 5:9*** sê dat ek gedurig vir U moet vra of dit waarmee ek besig is, OK is met U, want ek wil niemand anders tot 'n val bring deur dit waarmee ek besig is nie (***Rom 14:13***) OF U naam skade doen, met dit waarmee ek besig is nie (***Rom 2:24***). Here, vergewe my asseblief daarvoor, en help my om op te hou met …………………………….. Amen

# 2. BID VIR: VERLORE SIELE

- Wanneer ons oor verlore siele praat, is daar geen beter storie as die van die verlore seun nie.
- Lees die verhaal vir jou groep (uit die Bybel Luk 15:11-32 of die een hier onder – wat die Heilige Gees jou lei om te doen)

**DIE VERLORE SEUN.**

Jesus het, toe Hy op planeet Aarde was, vir ons baie dinge verduidelik deur stories wat Hy vertel het. Ons weet almal dat daardie seun, na hy by sy ouerhuis weg is, sy geld gemors het, soveel so dat hy later varkkos moes eet om aan die lewe te bly. Hy as Jood, vir wie varke onrein diere was, moes hulle nie net oppas nie, maar moes saam met hulle eet en dit terwyl die bediendes by sy pa se huis, dit beter gehad het as hy.

Toe besluit hy - tot hier toe en nie verder nie. Hy besluit dat hy huistoe gaan. Hy sal eerder 'n slaaf by sy pa op die plaas word, as dat hy, as Jood, langer moet varke oppas. En hy vat sy goed en loop. Terwyl hy terug loop, berei hy sy toespraak voor, wat hy vir sy pa gaan sê, as hy by die plaas aankom. Ons lees dit in Lukas 15: 'Pa, ek het teen God en teen Pa gesondig! Ek is nie meer werd om Pa se seun genoem te word nie. Behandel my soos een van Pa se dagloners.'

En wat het sy pa intussen gedoen. Met sy sambok op die agterstoep gesit en wag dat daardie slegte seun net weer sy pote op die plaas moet sit, dan sal hy hom darem 'n ding of wat wys. Verkeerd! Ek is oortuig dat sy pa met groot verlange gereeld op die stoep gesit en in die rigting gestaar waarin sy seun verdwyn het. En toe op 'n dag gebeur dit. Doer in die verte verskyn 'n figuur wat moontlik sy seun kon wees. Die vader hardloop sy seun tegemoet en die seun onthou van sy toespraak. Ons lees die toespraak in Lukas 15 vers 21: 'Pa, ek het teen God en teen Pa gesondig. Ek is nie meer werd om Pa se seun genoem te word nie'. En weet jy wat, dis nie sy hele toespraak nie. Hy wou nog iets sê van: 'Behandel my soos een van Pa se dagloners', toe druk sy

pa sy toespraak teen sy bors dood.

As ek en jy na ons Hemelse Vader gaan met 'n toespraak van al die lelike dinge wat ons gedoen het, sal Hy ook ons toespraak teen Sy bors dooddruk.

- En so is die wêreld VOL verlore siel, daar gaan elke sekonde van die dag mense dood wat Jesus nie geken het nie, en HEL toe gaan.
- Ons ken ALMAL mense wat nog nie hulle saak met Jesus reggemaak het nie.
- Maak ‘n lysie van die mense wat jy ken wat jy WEET nog nie hulle saak reggemaak het nie.
- Julle gaan nou elkeen op julle eie vir hierdie mense bid. Hulle kan die gebed hieronder gebruik, of hulle eie gebed bid.
- God se Woord sê dat Hy nie wil hê dat self EEN mens verlore / hel toe moet gaan nie, maar net die mens SELF kan daardie besluit neem, DAAROM is dit verskriklik belangrik dat ons vir hulle bid, dat hulle hierdie keuse vir Jesus sal maak.

**'n Gebed om vir 'n ongeredde persoon te bid:**
Vader, U Woord is duidelik dat dit beslis nie U wil is dat die goddelose moet sterf nie, maar dat hy/sy hom/haar sal bekeer sodat hy/sy kan bly lewe. (**Eseg.18:23**). Die Woord leer dat U geduldig is met ons omdat U nie wil hê dat iemand verlore gaan nie, maar dat U wil hê dat almal hulle moet bekeer (**2 Pet.3:9**), dat alle mense gered moet word en tot kennis van die waarheid kom. (**1 Tim.2:3-4**).

U het die wêreld so liefgehad dat U U enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê (**Joh.3:16**). U bewys U liefde vir ons deurdat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was. (**Rom.5:8**). Op grond hiervan bid ek vir ______ se redding en dat U aan hom/haar die ewige lewe sal gee. Vader, soos wat U dooies opwek en lewend maak, so maak die Seun ook lewend wie Hy wil - ek bid dat U ______ sal lewend maak. (**Joh.5:21**). Vader, trek ______ na U toe, want niemand kan na Jesus toe kom as U die persoon nie na Jesus toe trek nie. Die wat U na die Here Jesus toe trek, sal U op die laaste dag uit die dood opwek. (**Joh.6:44**).

- ***<u>Instruksie</u>***: doen die Hidden Picture aktiwiteit – as daar genoeg tyd is!

## 3. BID VIR: HERLEWING / UITSTORTING VAN DIE HEILIGE GEES

- **<u>Wat is Herlewing?</u>**
  - Herlewing is wanneer God die Heilige Gees stuur, om die saadjies wat in jou geplant is aan die brand te steek.
  - Herlewing is wanneer mense wat God nie ken nie, bewus word van hulle sonde, dit belei en God begin volg.
  - Herlewing is wanneer mense wat afgedwaal het van God af weer terugkom na God.
  - Herlewing is vir kinders van God ‘n nuwe begin van gehoorsaamheid aan God, hulle kry weer hulle passie vir God, en Sy wil terug – hulle kry ‘n nuwe begeerte om by God te wees.

- **<u>Hoe gebeur Herlewing?</u>**
  - Herlewing gebeur wanneer God die Heilige Gees aarde toe stuur om mense te oortuig van hulle sondes en dat hulle God nodig het.
  - Wanneer God Herlewing wil stuur, maak Hy ‘n dringende begeerte in Sy kinders se harte wakker om daarvoor te bid
  - Hy laat Sy kinders verlang na MEER van HOM, wat ons NET deur Herlewing kan kry.

❖ **BID vir Herlewing:**

✓ ***JAMMER / SORRY***: (2 Kron 33:12) - Toe dit met hom so sleg gaan, het hy die Here sy God om genade gesmeek, groot berou getoon voor God en gebid

O Here, ons bely dat ons bekommerd is oor dit wat in ons land aan die gang is. Ons besef dat ons elkeen 'n keuse sal moet maak om ons hardkoppigheid te los. Ons bely ons trots, dat ons dink dat ons beter as ander is, en dat ons altyd reg is, voor U. Ons erken dat ons nie daarvan hou om verkeerd te wees nie. Ons loop partykeer oor ander wat in ons pad is, om te kry wat ons wil hệ. Vergewe ons asseblief, en wees ons genadig.

✓ ***BID***: (1 Pet 3:12) - Die Here sorg vir die wat reg doen, en Hy luister na hulle gebede, maar die Here is teen die wat kwaad doen.

O Here, ons bid dat U ons genadig sal wees en U nie van ons sal wegdraai nie. Laat U oè op ons lewens wees en laat U ore oop wees vir ons gebede. Help ons om die kwaad raak te sien. Leer ons om dadelik ons sondes te bely en te laat staan.

✓ ***SOEK GOD***: (Ps 63:2) - O God, U is my God, ek soek na U, en verlang na U soos 'n droeë land sonder water

Here, my hart is verander, my gedagtes nuut. Ek wil niks meer hệ as om dag en nag na U wil te vra nie. Elke keer wat ek asemhaal, elke oomblik wat ek wakker is, doen met my soos U wil. U is al wat ek wil hệ, en al wat ek nodig het. Ek gee myself nou van voor af aan U.

✓ ***MAAK KLAAR MET DIE VERKEERDE GOED IN JOU LEWE:*** (Esegiël 33:11) So seker as Ek leef, sệ die Here my God, Ek wil nie hệ dat die sondaar deur sy sonde sterf nie, Ek wil hệ hy moet van sy optrede afsien en lewe. Bekeer julle, bekeer julle van julle bose optrede! Waarom wil julle sterf?

Here, ons bely dat U geen foute maak nie, maar getrou en regverdig is in alles wat U doen. Soms sệ ons: "Waarom het die Here dit toegelaat" of "Waarom het God dit nie gekeer nie" Ons maak of ons niks verkeerd gedoen het nie, en gee U dan die skuld vir wat daarna gebeur. Wees ons genadig en vergewe ons, want ons weet nie wat ons doen nie. Help ons om ons te bekeer, sodat ons kan lewe!

❖ ***Instruksie***: doen die Soek die verskille aktiwiteit – as daar tyd oor is!

# 4. Sluit af met gebed in julle groepe